Spesiale vergadering gehou op 7 Nov. 1932. (Van die Uitvoerende Komitee.)

Teenwoordig is:- Dr. A.J. Malherbe, Z.J.van Wyk, en G.S.Strydom. Ds. D.S.M. Botha is afwesig. Ds. Malherbe open met 'n gebed.

Sekere sake wat spoed eis word behandel . Buiteland:-

1 Die notule van die Raads Kom.

Punt NO4. i/s Konsep Konstitusie . Die Sekretaris sal skrywe dat die saak nie kan oorstaan vir die Raad nie , maar dat die Raads Kommi sie daarin moet handel , en hulle aanbevelings dan voor die Raad lê.

Punt NO 9. Die Boerdery. Die Landbou Afdeling kan nie verplaas word nie na Derike. Die Sekretaris sal probeer iemand te kry wat die boerdery sal gaan waarneem , en sal begin om te onderhandel met Mnr. G. Nel van Paul Roux wat gaan vra het om te gaan help met die Sendingwerk in die Buiteland.

Punt NO 17. Daar kan nie iemand gestuur word om die plek te neem van die gene wat op rustyd uitkom nie . Die Raad moet dit so reel dat die Personeel namekaar op rustyd uitgaan.

Punt NO 21. Suster Riphegen, Sy voldoen aan die kondisies van die A.S.K. en word vir 'n proeftyd van 6 maande weer aangestel.

2 Brief van Dr. Knobel.
Hy pleit vir nog een verpleegster. Dit word besluit dat daar een gestuur sal word ,en aan die Sekretaris word dit opgedra vir een te adverteer . Die Sekretaris sal verder die saak aan die Dr. verduidelik.

3 Lusaka (1) Die notule van die plaaslike Kom. word gelees.
(2) Die Kom. besluit om die Eerw. Visagie te vra om so gou as daar as daar iemand gevind is om hom van die boerdery af te los, na Lusaka te gaan om die ruk daar beide op Lusaka en onder die Azoristam te begin.
(3) Die plaaslike Kom. moet wag met die koop van die stuk grond van die Sendeling se huis , totdat hulle sal weet waar die nuwe Lokasie sal e wees , sodat die Sendeling nie te ver van die lokasie sal woon nie.

4. Dr. Retief bly voorlopig op Broken Hill. Intussen moet die hele landstreek bereis word .--(Die nuwe werk onder die Azorien die ander stam). en een plek vir 'n stasie uitgesoek word.

5. Dr. Retief.--- Hy vra om vir twee maande met vakansie na Morgenster te gaan . Die Sekretaris sal hom eers vra i/s die maand vakansie waarvan hy praat . As hy nou 'n maand vakansie wil neem sal dit afgetrek moet word van sy gewone verlof.

BINNELAND.

Witzieshoek.

1. Dit word toegestem dat £100 vir geboue sal uitgegee word. Huis vir naturelle leraar en kamers op,nuwe stasie .

2. Hoofonderwyser. Dadelik moet uitgevind word hoeveel die Departement sal bydra. £150 sal aangebied word vir 'n onderwyser met vrye huis.

3. Met Eerw. Faasen sal onderhandel word i/s sy huis en aan hom sal £2-10 gegee word per maand as vergoeding vir sy huis.

4. Eerw. sal tjeks teken in verband met die Skoolfonds vir Witzieshoek.